DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. DONDERDAG 20 MAART 1958 Nr. 2

# A.B.K.K.-Kunsfees op nuwe basis

## *Inskrywings nog oop.*

OF die A.B.K.K.-Kunsfees, wat vanjaar van 24 tot 29 Maart sal duur, 'n sukses gaan wees, hang grotendeels af van die ondersteuning wat die studente hieraan gaan verleen deur hulle inskrywings.

Tot dusver is daar reeds groot geesdrif te bespeur vir die kunsfees wat in gewysigde vorm aangebied gaan word. Maar nog meer inskrywings word verlang en hiermee word die deure wyd oopgegooi vir enigiemand wat nog vir enigeen van die afdelings wil inskryf. Kom Pukke, skryf in en wend 'n poging aan om die kunsfees wat beloof 'n groter sukses as ooit te wees, nog meer geslaagd te maak deur u inskrywings.

**GEWYSIGDE PROGRAM.**

Die A.B.K.K. het vanjaar die hele idee van 'n kunsfees hersien en bied dit in teenstelling met vorige jare as volg aan: Daar is gevind dat om vir 'n hele week elke aand 'n program van 'n onderliggaam aan te bied, te veel verwag word van die studente, en nou is besluit om vanjaar die aanbiedingsprogram tot twee aande te beperk, nl. Vrydag- en Saterdagaand van die betrokke week. Op dié twee aande sal persone wat ingeskryf het, kans kry om hulle items vir sang, musiek, voordrag, orkeswerk, toneel, koor en volkspele aan te bied. Les bes sal daar wees 'n redenaarskompetisie waarin die vier finaliste van verlede Donderdagaand se debat sal meeding om die eerste drie plekke onderskeidelik. Dit beloof om 'n baie interessante stryd tussen vier bekwame sprekers te wees. Soos reeds aangedui, sal die verdere program baie interessant wees aangesien daar so 'n groot verskeidenheid aangebied word.

**DIE UITSTALLINGS:**

Die vier dae wat hierdie twee dae voorafgaan, sal daar uitstallings in die studentesaal en kafeteria wees vir almal. Die kafeteria is afgesonder vir uitstallings in fotografie, beeldende kunste (skilderkuns en beeldhouwerk) en letterkunde. In die voorportaal van die studentesaal sal die blommerangskikkings tentoongestel word. Hier is dus nog geleentheid aan ons fotograwe, letterkundiges, blommerangskiksters en beeldhoukunstenaars om hulle deel by te dra tot die fees.

**DIE DOELSTELLINGS:**


Die A.B.K.K. se hoofdoel en funksie aan hierdie universiteit is om kuns en kultuur te bevorder. En dit is dan ook wat in die eerste plek met dié kunsfees beoog word, wat aan die A.B.K.K. die ideale geleentheid bied om sy doelstelling uit te leef. Maar terselfdertyd dien die fees ook as uitdunning vir die A.S.B.-kultuurfees tydens die A.S.B.-kongres wat tydens die April-vakansie hier te Potchefstroom gehou word.

**DIPLOMAS.**

Vanjaar word ook diplomas uitgereik vir die eerste plek, tweede plek en een vir verdienstelikheid in elke onderafdeling van die fees.

Vir verdere volledige besonderhede kan die reëlboekie, wat vir alle inskrywings opgestel is en volledig op die kennisgewingbord verskyn, geraadpleeg word.

J. Kruger.



Prof. Bingle en Dr. Havenga wat op getree het as sprekers met Korps se Simposium oor die C.N.O.-skole in die praktyk.

# Korps hou geslaagde Simposium

## C.N.O.-SKOLE IN DIE PRAKTYK

TYDENS die eerste vergadering van die Gereformeerde Korps Veritas Vincet is 'n baie geslaagde simposium gehou i.v.m. ons huidige onderwysstelsel. As sprekers by dié geleentheid het opgetree dr. J. F. E. Havenga en prof. H. J. J. Bingle.

Vir die bestuur van Korps V.V. moes dit seker verblydend gewees het om so 'n groot opkoms by hul eerste vergadering van die jaar te hê. Dit moet dan ook seker grotliks toegeskryf word aan die aktualiteit van die onderwerp wat gekies is vir die simposium.

**HOENDERHANE SKOP RAAK:**

Dr. Havenga was eerste aan die woord, en het veral daarop klem gelê **hoe** die C.N.O.-skole daadwerklik tot stand gebring kan word. **Die geagte** spreker het beweer. of liewer gekonstateer — omdat sy bewering op sy eie ervaring gegrond is — dat ons genoeg christelike **onderwysers** het, maar dat ons nie christelike **onderwys** het nie. 'n Moontlike oplossing vir die probleem het die spreker dáárin gesien dat die huidige, veral die wetenskaplike onderwysboeke meer christelik georiënteer moet word.

Prof. Bingle het die standpunt ingeneem dat die staatskole soos wat ons dit vandag het. moet voortbestaan, aangesien dit onregverdig sou wees om van die belastingbetalende ouers te verwag om die skole self te finansier, terwyl inrigtings, waarvan die aard van die onderrig lynreg bots met die christelike nasionale onderrig, wel steun van owerheidsweë ontvang. Verder het prof. Bingle daarop gewys dat die geskiedenis bewys het dat C.N.O.-skole wat deur die ouers onderhou moet word, prakties onmoontlik is — sprekende voorbeelde hiervan is die plaaslike Gimnasium Hoërskool en die hoërskool te Steynsburg. Lg. spreker het dus veral nadruk daarop gelê **waarom** die C.N.O.-skole in die hande van die staat moet wees wat die finansies betref, en nie in die hande van die ouers nie. Die plig van die ouers is om toe te sien dat die christelik-nasionale karakter van die onderwys tot sy reg kom in die onderwysinrigtinge.

Uit die bespreking het dit duidelik geblyk dat daar groot belangstelling geheers het.

**GOEIE VOORUITSIG.**

Te oordeel aan die belangstelling, kan met reg gesê word dat Korps V.V., met 'n suksesvolle vergadering agter die rug, 'n vaste fondament het waarop hierdie jaar voortgebou kan word, en as die samewerking en belangstelling van die lede altyd so goed is, stel ons vir Korps 'n baie suksesvolle jaar van werksaamhede in die vooruitsig.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE

- SPIRITUALIEE
en
- WYNSOORTE

KOM SIEN ONS vir al u . . . . .

* Fotografiese
en
* Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat, Potchefstroom**

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**

vir alle
* Sportuitrusting
en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.

**PRESIDENT CAFE**
**GRAND CAFE**
and
**Van Riebeeck Cafe**

for:
- SWEETS,
- GRILLS
and
- COOLDRINKS.

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

**Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

**TURKSTRA BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 61**
Raadpleeg ons vir . . .
- BROOD
en alle
- KOEKSOORTE
ELKE DAG VARS!

**CORNER FRUIT STORE**

★

„U KEN ONS!"

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel en Antikwariaat**
vir al u
WETENSKAPLIKE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES.
●
**Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164**

**Studente . . . . !**

vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 162 — Telefoon 497**

**Die Wapad**

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**Donderdag, 20 Maart 1958**

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.**

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Andries Myburg. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR | Johan Coetsee. |
| NUUS | Jan v. d. Schyff. |
| INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE | Chris Coetsee |
| KUNS | Riekie Dekker. |
| SPORT | De Wet Krüger. |
| VARIA | Susan Roets. |
| TEGNIESE-ADVISEUR | Dries Yssel. |
| FOTOGRAAF | Hannes v. d. Walt. |
| PENNINGMEESTER | Hans van Zyl. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Eike Howaldt. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Leon Swart. |

# As jou plig roep.

SOMS kan 'n student hom/haarself werklik afvra: wat is nou eintlik my plig? Nie dat die student geen pligsbesef het nie; dit wil ek geensins beweer nie, maar hy voel hom net verward tussen al die dinge wat om aandag vra.

U ken die akademie met sy vereistes aan die een kant, en die studentelewe aan die ander kant miskien beter as ek. Wat eersgenoemde betref, is daar natuurlik geen probleem nie. Elke student is in die eerste instansie natuurlik hier om te studeer. Ons plig is dus tot 'n mate alreeds afgebaken. Maar so lig kom ons nie by die probleem verby nie. Hoeveel keer gebeur dit nie dat die horlosie se wysers reeds op tien-uur staan voordat die gemiddelde student eers sy boeke kan naderskuif nie? En dit gebeur dan nie omdat hy/sy sy/haar tyd êrens verspeel nie, maar omdat hy net elders teenwoordig **moes** wees.

Die afgelope weke het weer eens bewys dat ons teenwoordigheid byna elke aand elders as voor die lessenaar vereis is. Maar ook daarteen het ons geen beswaar nie. Dit is immers ook deel van ons plig: om deel te neem aan die studentelewe.

Ons het dus die akademie aan die een kant en die studentelewe aan die anderkant. Beide vra u aandag en u volle ondersteuning. Kom ons voeg nou die twee saam en kom tot 'n derde probleem! AKADEMIESE-VERENIGINGS: Wat is ons houding teenoor hierdie deel van ons studentebelange? Ons weet tog almal dat daar sulke verenigings bestaan, maar weet ons dat die voortbestaan van daardie verenigings van ons samewerking afhang?

As ons oor die saak gaan nadink dan kom die vraag onwillekeurig by ons op: het hierdie verenigings werklik bestaansreg op 'n plek waar die studente daagliks besig is met soortgelyke sake as wat op die vergaderings bespreek word. Maar ook van die kant van die bestuur: is al die gespartel om 'n datum vir 'n vergadering in die hande te kry, al die organisasie om 'n paar lede teenwoordig te hê, die moeite werd? Ek kan u verseker dat die meeste van hierdie verenigings 'n sukkelbestaan voer. En kan ons iemand daarvoor blameer? Kan ons miskien die skuld aan die Studenteraad gee wat nie voorsiening maak vir datums nie? . . . onthou 'n week het net ses werksdae. Of gaan ons aan die anderkant die studente van laksheid en gebrek aan belangstelling bestempel? . . . . onthou 'n student het baie pligte en probleme.

Kan u miskien vir ons die antwoord gee? Het dit nie miskien tyd geword dat ons 'n snoeiskêr moet gebruik en dan pro-

(Vervolg op bladsy 3 onderaan)

## Oordenking

# BLOEDSKULD OF BLOEDPRYS

**Teks: Mat. 27 : 25: „En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en ons kinders kom."**

Slegs vyf dae vantevore het hierdie selfde skare geskree: „Hosanna, hosanna vir die Seun van Dawid. Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele." Gretig het hulle hul klere op die pad uitgesprei en juigend het hulle palmtakke afgepluk. 'n Grootse eerbewys aan hul Koning en hul Here.

En nou? Nou skree hulle nie meer „Hosanna!" nie, maar „Kruisig Hom!" Die heerlike juigtoon het weggesterf. Nou hoor ons net die somber geskree: „Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom!"

Is dit nie eienaardig dat 'n hele volk so skielik omswaai nie? Maar agter hierdie groot ommeswaai het 'n klompie fanatieke agitators gesit: die Skrifgeleerdes en die Fariseërs. Wie van u ken hulle nie? Skynheilige mense wat daarvan hou om eerbetonings te ontvang. Hulle was so intens bewus van hul eie waardigheid. Hierdie Man van Nasaret was inderdaad 'n doring in hul vlees. Kyk maar hoe het die volk hom aangehang. Die dag met die feestelike intog, wou hulle Hom nog kroon as Koning! Die Skrifgeleerdes en Fariseërs moes met leë hande toekyk hoe Jesus, in 'n sovcel heerliker mate, hul eertydse plek inneem.

In hul eersug gekrenk, het alle bose planne en wraakgedagtes die een na die ander deur hul koppe gemaal. Temeer nog as die swiepende berispings van Christus hul telkemale nakend voor die volk stel.

Dit kon hulle nie sluk nie. 'n Ontsettende haat het in hul harte aangegroei. Slegs een uitweg is aan hulle gebied deur hul eersug: Hy moes dood. En die volk?

Dit is 'n teleurgestelde volk daar voor die paleis van Pilatus. Hulle wou so graag Christus hul koning maak, maar tevergeefs. Hoe kon Hy nie die Joodse volk van triomf tot triomf gelei het teen die gehate Romeine nie! Maar dié vir hulle onverstaanbare optrede van Jesus kon hulle nie begryp nie. Bitter teleurgestel!

Daar staan Hy nou voor die Romeinse regterstoel. Dit kan mos nie hul verwagte Messias wees nie. Hy sou mos nooit so gedwee buig onder die Romeinse juk nie.

Hierdie volk was 'n baie gemaklike instrument in die hand van die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Wys maar net na die martelaarsgestalte! Kyk maar net na die Man met die koninklike purpermantel om Sy skouers. Dan kan ieder en elk mos besef dat dit nie die Messias kan wees nie.

So word haat en teleurstelling 'n magtige krag wat die bloedkreet ten hemel laat rys. Hy moet boet vir die verleiding van hierdie volk. As Pilatus te lafhartig is om die bloed op hom te neem — hier is 'n hele volk wat maar te bereid is om daardie las op hul skouers te laai.

Jesus Christus, wat gekom het om hulle vry te koop van hul sondelas, het geen plek in hul midde nie. Daardie ontsettende kosbare bloed het vir hulle geen waarde nie. Juigend smeek hul die toorn van 'n ewige God oor hulle af: „Laat Sy bloed oor ons en ons kinders kom!"

Uiters bitter is dit dan as ons vandag nog sien hoe die bloed van Christus geminag word — nie deur Jode of deur heidene nie — maar deur ons wat omtrent sonder uitsondering aan 'n Protestantse kerk behoort. Dikwels gebeur daar in ons vriendskapskringe of in die Studentelewe dinge wat skreiend laster teen God se heilige Naam. As ons aan Christus nie **oral** in onse lewe, in ons werk, ons ontspanning, in ons luimigheid, in ons gesprekke die eerste plek gee nie — weet dan, dit is wat 'n vervloekte Joodse volk gedoen het.

Die kosbare bloed van Christus dwing ons om 'n dankbare lewe aan Hom toe te wy. En as ons dikwels nie daarin slaag nie, dan het ons nog die vaste wete dat Jesus Christus gesê het: „Glo en jy sal gered word". Daarom smeek ons: „Laat Sy bloed oor ons en ons kinders kom", want daardie bloed bring verlossing. In ons mond is dit geen vloekbede nie, maar 'n heerlike seënbede.

PEET DUVENAGE.




13 Maart 1958.

Meneer die Redakteur, — By 'n skrywe in die Wapad van 7 Maart het die opsteller(s) in 'n brief hul skerp uitgelaat dat die studente van die Kollege sommige studente van die P.U. niemenslik en onbeskof behandel het, pas na afloop van ons Eerstejaarskonsert. Volgens die brief is die groepie P.U.-studente wat met ons dames uitgegaan het asook 'n paar ander, gevra om die saal onmiddellik te verlaat wat deur ons studente toegejuig is en dan op 'n minder onbetaamlike manier. Ek wil hier baie kortliks aanstip waarom ons die stap as heeltemal regverdig beskou het en ons die beleid altyd sal handhaaf.

Alle personeellede van ons Kollege insluitende ons geagte Rektor is deur die Studenteraadsvoorsitter versoek om die saal te verlaat na die konsert. Dit is onmiddellik met 'n soort uitjouende toejuiging begroet en kan ek nie anders om die gevoelens van ons studente as: „Die personeel verlaat julle arme Ditsems en gaan julle gal gewerk word oor die vervelige konsert wat julle ons personeel, oudames en oumeneer en die publiek aangebied het". Almal het so gevoel want dit is die basis waarop die plan van aksie van die aand gebou is. Maar u moet onthou dat al die grootdoenery slegs vir die skyn was — toneelspel so na aan die werklikheid moontlik. In die verlede was die prosedure dieselfde as die betrokke aand en is dit ingewortel as een van ons fynste tradisies. Geen personeellid het ooit na die aand beledig gevoel nie en is dit in 'n gemoedelike saamwerkende gees aanvaar, en daarop is ons baie trots. Dit is dan die agtergrond waarop dit afgespeel word.

Ons opmerksame voorsitter het pas nadat die personeel vertrek het, die P.U.-studente met hulle kleurbaadjies in ons midde en by die deure opgemerk. Lg. het bloot uit belangstelling kom kyk. Volgens ons prosedure en aksie van die aand moes hulle die saal verlaat en ook die publiek en ander buitestaanders, om die eenvoudige rede dat die kamtige erns van ons optrede met die eerstejaars nie geskaad sal word nie. Hoe belaglik sal dit nie in die oë van 'n ditsem wees nie as vreemdelinge houtgerus in die banke sit en selfs lag as die sogenaamde „revolusie" van „studenteraad uitsmyt" en „ontgroeningskomitee" plaasvind? Dus moet u verstaan dat net so min ons personeel daaroor sleg voel oor ons optrede, net so min behoort die P.U.-studente daaroor sleg te voel. Maar helaas u was verontreg en onbeskof behandel soos dit in die brief in „Die Wapad" duidelik wys. Hoe min weet u geagte P.U.-studente tog van ons ontgroeningsprosedures en die tradisie wat ons daarmee al die jare opgebou het. As die onbeskoftheid aan ons kant plaasgevind het op 'n heel ander geleentheid kon u daaroor geskryf het, maar was die Pukke altyd welkom by ons gesellighede en danse, wat u goed bywoon.

W. J. VAN AARDT,
13/3/58. P.O.K.,
Potchefstroom. Mea Mater,

(Ek plaas die brief soos ontvang.— Red.).

# Vier uitgewys in Redenaarskompetisie

**TYDENS die eerste Debatsverenigingvergadering van die jaar is vier finaliste uit die elf deelnemers aan die redenaarskompetisie deur die beoordelaars aangewys om aan die A.B.K.K.-kunsfees deel te neem. Mnre. A. P. Brink, I. van der Walt, T. Liebenberg en G. Bester is — nie in volgorde van verdienstelikheid — aangewys. Dit sal op die laaste aand van die kunsfees plaasvind.**

Min of meer dieselfde gehalte van verlede jaar se toesprake is gehandhaaf, met een of twee redenaars, wat uitgestyg het bo hulle mededingers. Die een beoordelaar, professor Du Plessis het dan ook melding gemaak van die groter geestelike rypheid wat na vore gekom het uit Mnr. A. P. Brink se gedagtegang. Maar oor die algemeen kan gesê word dat geen spreker hom swak van sy taak gekwyt het nie — selfs nie eers die drie moedige eerstejaarsprekers nie — terwyl daar 'n hele paar heel verdienstelike pogings was. Veral die baie oorspronklike temas van die meeste sprekers het die aandag getrek. Daarom het die sprekers dan ook deurgaans 'n baie aandagtige gehoor gehad.

Dit is net jammer, soos dr. H. Venter aan die einde in sy oorsig aangedui het, dat „die oratore grotendeels uit teologiese studente bestaan het". Mens sou veral wou sien dat meer regstudente tot die geledere van die redenaars toetree om so die gehalte van die debatsredenaars te help versterk.

J. Kruger.

beer om 'n groter sukses van 'n kleiner aantal aktiwiteite te maak nie? Of glo u dat 'n breë terrein altyd 'n mooi indruk skep . . . maak nie saak hoeveel sukses behaal word nie?

Dit alles bring mee dat die student vandag bang is om aan georganiseerde sport deel te neem. Daar is nie meer tyd vir daaglikse ontspanning nie. Vanmiddag moet ek werk, al is dit Woensdagmiddag, want vanaand roep my plig elders!

Maar 'n student bewandel altyd die goue middeweg: daar is ook **ander** ontspanning. Gebruik dus u „vrye tyd" goed.

# As spoetnik plofnik word.

## → KUPIDO IN ONGUNS ←

NA verneem word was die ontheffingsdinee nie sonder nadraai nie. 'n Aanvanklik ligte meningsverskilletjie het geëindig in 'n hewige skermutseling tussen Satellietie en Kupido (wat hom terloops te buite gegaan het op kostelike en EETiese gebiede ook). Gedurende 'n spesiale sitting van die Groot Raad is die saak dan ook besleg: met 'n skitterende triomf vir die pantoffelregering.

AANKLAG:

In sy blydskap om terug te wees op die Puk, het Kupido homself vergryp aan die koeldranke en so aan . . . Nou, toe hy teen die einde van die aand so om hom rondkyk, gewaar hy dat hy nie net een nie, maar in werklikheid **twee** Dore sleep — „'n Tweeling natuurlik" dag hy, en drink 'n heildronk daarop. Miskien moes hy reeds onraad bemerk het toe hy na afloop van die gesellıgheid die verkeerde meisie oor die regte sloot probeer help het . . . .

Hoe dit ook al sy, op pad huis toe geware hy 'n uitsonderlike „intrige" voor hom in die pad — twee paartjies klaarblyklik, wat daar merkwaardig eenders uitsien. Ook nie links nie, vat Kupido korrel, trek los en . . . tref die verkeerde twee. Maar wat hom eintlik Satellietie se wraaklus op die hals gehaal het, was die feit dat sy pylpunte in Hubbly Bubbly gedoop was, in plaas van Skokkiaan.

VERWEER:

Die verweer was bra power: Kupido het onskuldig gepleit, met verwysing na die goeie werk wat hy die afgelope vakansie gedoen het. Bowendien het hy oortuig gevoel dat hy wel 'n goeie alibi sou kon lewer, as hy net kon onthou van watter aand die geagte klaagster eintlik praat.

VONNIS:

Hierdie onverantwoordelike bewering het die edele Groot Raad se wenkbroue die lug laat inskiet, en na rype oorweging met ander belangrike mense is die volgende beslissing gevel:

Kupido word skuldig bevind, en as straf word hy gehek vir die tydperk van een kwartaal (wat met inagneming van sy vorige prestasies opgeskort word tot 'n langnaweek, mits sy gedrag gedurende dié tydperk onbesproke is). Verder sal hy elke oggend sy groen knopie na die etenstafel toe aansteek, tot en met die volgende koshuisvergadering waar daar oor sy verdere lot beslis sal word.

Dit sal ook die moeite loon, het die Hoofregter beweer, dat sy bywoning van, en veral bedrywighede op studentevergaderings deurslaggewend sal wees wanneer die Groot Raad besluit of hy 'n kleurb . . . ag, of hy weer in ere herstel gaan word of nie . . . Ik heb gezegd!"

**Sanlam**

DIE WAARBORG VIR UITKOMS
VIR U EN U GESIN!

**Verteenwoordig deur —**

Wyksbestuurder: **W. J. S. COETSEE.** **Tel. 106**
Huisadres: **Hoffmanstraat 84,**
Kantoor: **H/v. Kerk- en Lombardstraat.**

**Drink die beste!**
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

**Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134**
**POTCH MINERAL WATERS**

# Satellietie se Maanskynhoekie.

**„ZIJN de heldinnen gevallen!" Ongeag die redaksie se welwillende versekering dat Satellietie nie vir al die kyse self nie, maar slegs vir die aankondiging daarvan verantwoordelik sal wees, het haar silwerrandjie tog 'n baie donker wolk aan die binnekant.**

In stygende trappe van vergelyking het die ongesonde toestande op die kysfront aan ons heldin 'n onaangename twee weke van nagmerries, slapelose nagte, „hang-overs" en ten slotte 'n knaende angsneurose besorg.

Soos alle romantici wat ontvlugting soek uit die knellinge van elke dag se klasloop (oorgesetsynde: slaap), eet en sleep, het Satellietie aanvanklik haar verwagting en hoop op die toekoms gevestig. Nog geen week was egter om nie, of sy het besef (soos Sokrates van ouds): in daardie hoop trap 'n mens! Die uitslag was naamlik erg teleurstellend, behalwe vir een verblydende ligpuntjie: Albert Viljoen en Annemarie Lindhout het nl. besluit om by wyse van aanskoulike onderwys, die klomp Eerstejaars te beduie wat ons bedoeling nou eintlik is as ons sê hulle moet kys! Ons hoop nou net die mag van die voorbeeld gaan hom van nou af laat geld. Met meer pligsgevoel as oortuiging het Satellietie toe haar volgende omwenteling tot die verlede beperk; meer spesifiek gestel, sy het gaan verneem hoe nuttig of nutteloos die Pukke en Oud-Pukke die afgelope somervakansie gevind het. Enne, oe-la-laa . . . nie slegs 'n romantiese verlede nie, maar 'n soortgelyke hede (en toekoms) was die welverdiende beloning! Sien, 'n hele aantal van ons oud-Pukke het hulself aan 'n splinternuwe grondwet onderwerp:

**I. GETROUD:**

Louis Jordaan met Lea Coetzee;
Dirk van der Walt met Hannetjie van der Walt;
Henry Ranville met Johanna Schoeman;
Naas Steenkamp met Sarie Grobler.
Arie van der Walt met Annetjie van der Merwe;
Peet Steyn met Mej. van der Merwe;
Martyn Viljoen met Susan Snyman;
Louis Aucamp met Peet Smit se suster.

**II. VERLOOF:**

Abie Pelzer en Magrietha van der Walt;
Dirk Postma en Christine Sander.

'n Paar Pukke het hulle skredes buite die terrein van ons Alma Mater gewaag, met baie goeie gevolge:

Mercia du Toit is verloof aan mnr. T. Truter, terwyl die Puk nuuskierig voel om Doppies le Roux se verloofde te sien. Ook Bebe Chapman het na verneem word tot die stap oorgegaan.

**III. GEKYS:**

Twee oud-Pukke wat reeds voor die vakansie gekys geraak het, is Willem Maritz en Hanlie du Toit.

Verder merk Satellietie met vreugde dat Tjaart van der Walt en Babie Snyman weer eens hul goeie voorbeeld onder ons aandag kom bring het die afgelope naweek. As 'n mens nou ten slotte in aanmerking neem dat selfs ons geagte Hoofredakteur ten laaste daarin geslaag het om sy belange op een Wes-Transvaalse dorp te konsentreer, sê ons: Nou-moe-nou-nie sê die grootkoppe stel geen goeie voorbeeld nie!

# Sakboekinformasie

Is u sakboek weg of het hy maar nog net nie die volgende informasie nie? In albei gevalle is onderstaande vir u van belang.

**DATUMS OM TE ONTHOU:**

Vrydag en Saterdag, 28 en 29 Maart: A.B.K.K.-Kunsfees.
Woensdag, 2 April: Sluiting vir kort vakansie.
Dinsdag tot Saterdag, 8-12 April: A.S.B.-Kongres.
Saterdag, 26 April: Vreugdedag.
Woensdag, 30 April: Massafliek.
Saterdag, 24 Mei: INTERVARSITIE TE BLOEMFONTEIN.

Ag nouja, watter student dink verder as intervarsitie. Dit bring ons in elk geval ook weer te naby aan die Junie-toetse!

**'N PAAR ANDER WENKE:**

Kom tog maar die verkeersreëls na. Die verkeersdepartement het so mooi gevra.

En as u naam uit belangstelling van die kant van die geagte verkeersbeamptes gevra word, gee maar u eie naam . . . anders gee u dalk per ongeluk die naam van 'n persoon wat werklik 'n student is op, en dit kan nogal vir daardie persoon onaangenaam wees.

* * *

**AS EK MY GEDAGTES LAAT GAAN:**

Baie geluk met die verskiesing tot S.R.-lid Lenie, ons weet dit gaan baie van jou verg, maar ons weet ook dat jy bereid is om te werk.

* * *

Die mansstudente was in vervoering oor die dames se sang in die stille ure van die nag op hulle campus en het probeer vergoed. Die dames dink die mans se serenade was wonderlik, ek bedoel die een van Dinsdagnag.

# Nusas se „Courageous stand"

## I.S.K. „CONDEMNS" APARTE UNIVERSITEITE.

**IN die 1956-57-uitgawe van die Jaarboek van die Research and Investigation Commission (R.I.C.) van die I.S.K., verskyn 'n rapport oor „Higher Education in South Africa".**

Eers word uiteengesit hoedat die regering van S.A. aparte universiteitsgeriewe vir die verskillende etniese groepe in die land beoog. Die betrokke wet word uiteengesit met beklemtoning van die op die oog af negatiewe elemente daarin. Daarna volg 'n relaas van onderdrukkings deur die regering en laastens die resolusies wat die I.S.K. geneem het na aanleiding van die rapport van die R.I.C. Die bevindings sal aan die regering van die land meegedeel word deur o.a. direk aan die Eerste Minister 'n verslag te stuur van die bevindings van die I.S.K. oor die aangeleentheid van aparte universiteite.

### UITEENSETTING:

Groot ophef word gemaak van die magte van die Minister met betrekking tot die oprigting en sluiting van die universiteitskolleges, die aanstelling van die lede van die Raad en Senaat en dosente, en die toelating van studente.

Onverstaanbaar is dit dat die R.I.C. nooit opgemerk het dat hul met **universiteitskolleges** te doen het nie. As hulle 'n onbevooroordeelde en deeglike rapport sou wou lewer kon hul onmoontlik die feit verontagsaam het dat dit gebruiklik is dat 'n universiteit uit 'n universiteitskollege groei — die PUK was tagtig jaar oud voordat dit 'n selfstandige universiteit was. Vir iedereen behoort dit duidelik te wees dat ons hier te doen het **met universiteite** in wording. Alleen wanneer hul in staat sal wees om vir hulself te sorg, sal hierdie „abnormale" magte van die Minister met graagte aan hul eie owerhede oorgedra word.

Min aandag word gegee aan die uiterste versigtigheid waarmee die regering die uitvoering van hierdie wetsontwerp aanpak: die herhaalde uitstelling van die finale bekragtiging van die wetsontwerp en die verskillende kommissies wat van tyd tot tyd aangestel is om die hele aangeleentheid deeglik te ondersoek.

### „ONDERDRUKKINGS":

Onder die volgende hoofde word 'n rits van griewende metodes van onderdrukking van NUSAS en nie-blankes opgeneem: „Student Exchanges"; „Book Banning"; „Police Intervention", „The Treason Arrests"; „Native Laws Amendment Act"; „Prohibition of Membership of National Union of Students"; ens. Na aanleiding van dit alles word verklaar dat „throughout the year the National Union of South African Students continued to work with local Unions in their attempts to achieve public opinion against the bill . . . "

Hier het ons te doen met die „courageous stand" van NUSAS waarmee die I.S.K. so ingenome was. 'n Mens wonder egter of 'n klomp intelligente mense so sou kon voel indien ook ingegaan is op die **oorsake** van al die „onderdrukkende" maatreëls. Geen moeite word egter in die rapport gedoen om die **beweegredes** vir al hierdie stappe uiteen te sit nie en 'n mens moet regtig min tussen die ore hê om aan te neem dat enige regering sulke ingrypende stappe sou doen sonder ernstige beweegredes.

### RESOLUSIES:

Op grond van die voorgaande het die I.S.K. 'n aantal resolusies geneem. Druk sal op alle moontlike maniere uitgeoefen word op die regering om van die beleid van apartheid (aan die universiteite in besonder) af te sien. In verband hiermee „notes (the Conference) the position of NUSAS in opposition to the present Government policy of complete racial segregation in the Universities and expresses its support for and solidarity with NUSAS in its courageous stand."

Slegs 'n oppervlakkige ontleding van die resolusies is nodig om die onvleiende kenmerke daarvan aan te toon:

(a) **Bevooroordeeldheid:**
„The Conference **denounces the** position to all forms of racial discrimination . . . " Voor die ondersoek het hulle dus al 'n standpunt gehad. Die ondersoek was blykbaar nie bedoel om ook 'n verandering van standpunt te weeg te bring nie.

(b) **Onbeleefde voortvarendheid:**
„The Conference **denouncesthe** present policy . . . . " (die woord „condemns" word ook gebruik). Wanneer 'n studentekonferensie na aanleiding van 'n onvolledige en bevooroordeelde verslag, hom op hierdie wyse uitspreek oor 'n regeringsbeleid, openbaar dit nie net 'n skreiende gebrek aan elementêre hoflikheid nie, maar ook 'n voortvarendheid wat slegs by 'n groep tweedejaarstudente verwag kan word. 'n Verdere bewys van hul gebrek aan lewenservaring is, dat deur hierdie metode van stoom afblaas, hulle alle hoop op die bereiking van iets positiefs in die kiem smoor: die regering wat gehoor gee aan die eise van 'n studenteorganisasie op hierdie manier gestel, moet sy eie waardigheid inboet.

(c) **Gaan op gevoel:**
„The Conference **believes . . . .** " (**„expresses its opinion"**, etc.). **Die** uitsprake van die Konferensie is nie sprekende feite nie, maar die een „belief" en „opinion" op die ander. Nooit word egter verduidelik waarop hierdie gevoelens en gedagtes en vermoedens gegrond is nie.

(Die P.U.-Studenteraad het aan mnr. Johan van der Vyver wat ook die Konferensie bygewoon het, 'n antwoord op die rapport van die R.I.C. meegegee. Hul antwoord was: „Having considered the reply to the R.I.C. report prepared by the Potchefstroom University Student Council, the Conference is of the opinion that the validity of the R.I.C. report has in no substantial or relevant way been impugned; on the contrary it believes that this reply only serves to confirm the facts and conclusions of the R.I.C. report, and clearly illustrates the uncompromising fundamental assumptions which are the basis of the Government's policy. In refutation of these fundamental assumptions, the Conference reaffirms its belief in the beneficial results to be obtained from integrated education throughout the world, including South Africa itself". Let op hoedat hier weer ge-„belief" word en geen rekening gehou word met die verskil tussen die toestande alhier en dié van ander plekke op aarde nie).

## FLITSE

Die Chileense Universiteit te Conception (2,800 studente) word hoofsaaklik in stand gehou deur 'n tweeweeklikse lotery. (The Student).

* * *

Dit kos ongeveer 1,000 dollars (£357) per jaar om aan 'n Kanadese Universiteit te studeer. Baie studente werk gedurende die vakansies om die nodige geld te kry — maar moet dan weer 'n deel daarvan afstaan as inkomstebelasting. (The Student).

* * *

In Peru word 2% van die begroting deur die regering aan opvoeding bestee, terwyl 60% aan die leër en die polisie gaan. Die Universiteitsgebou wat by voorbeeld verlede jaar gedurende botsings tussen studente en polisie beskadig is, is nou nog nie herstel nie. (R.I.C.).

* * *

Rusland spog verniet met sy woord „spoetnik" wat internasionaal geword het. Die woord „apartheid" spog lankal met internasionale status. Dit blyk byvoorbeeld uit die verslae van die I.S.K. waar die woord steeds onvertaald gebruik word. (I.S.K.-verslae).


* * *

Die studentesaal van die Universiteit van Pretoria wat tans voltooiing nader, kos ongeveer £200,000. Dit het onder andere verskuifbare verhoë. — (Die Transvaler).

* * *

Aan al 35 Indiese Universiteite is verpligte lidmaatskap van die studenteunies wetlik vasgelê. Verkiesing van bestuurslede van die unies word op dieselfde stelsel as algemene regeringsverkiesings gedryf: strooibiljette, toesprake, vergaderings op die strate, ens. (The Student).

„DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"



**Beyers Claassen** B.Sc. (S.A.) M.P.S.A. CERT. MY. M.P.S.S.A. INST. P. (U.S.A.)

**Lombardstraat - - - - - - POTCHEFSTROOM**

## HIEROOR EN DAAROOR

Daar is skynbaar geen einde aan die kwota eienaardighede wat hierdie ou aarde van ons oplewer nie. Hier is nog 'n paar dinge wat deur nuus-snuffelaars aan die „mistigheid van die onkunde" ontruk is:

In die Lebanon-streek van Sirië word een van die wonderlikste riviere ter wêreld aangetref. Ses dae in die week loop die rivier taamlik sterk, dog op die sewende dag is daar geen merkbare vloed te bespeur nie. Hierdie rivier is waarskynlik die legendariese **Sambattion** van die ou kultuurvolke.

Verkeer u nog onder die indruk dat Columbus Amerika ontdek het? Jammer. Die eerste ontdekker van Noord-Amerika was 'n Boedhistiese monnik uit Sjina met die naam Hoe-Sjin. Sy ontdekking het plaasgevind 1,000 jaar voordat Columbus gebore is. Die eerste Westerling wat voet aan wal gesit het in Amerika was die Noorman Lief Ericson. Dit het vyfhonderd jaar voor die geboorte van Columbus geskied.

Homerus vertel dat die geneeshere van sy tyd van verdowingsmiddels gebruik gemaak het by operasies. En Heródotus vertel dat die ou Babiloniërs 'n soort gas ingeneem het om pyn te verdof. Die Sjinese het ruim 2,000 jaar gelede dagga (deur hulle may-yo genoem) as verdowingsmiddel aangewend, terwyl die Grieke en Romeine van 'n plant, **mandra-gora,** gebruik gemaak het. Tot laat in die dertiende eeu is van hierdie mandragora gebruik gemaak. maar dit het in onbruik geraak toe daar bevind is dat dit stuiptrekkings veroorsaak.

Dr. Schmeckegut, 'n Oostenryker, het sy van verander tot „Schmeckebesser".

En nou ten slotte — tant' Poppie, as u miskien weer beet kook, moenie die blare weggooi nie. Kook dit in plaas van ander groente. Dit smaak baie soos spinasie, terwyl dit ook 'n groot hoeveelheid yster bevat, sowel as ander vitamines.

* * *

Die moderne mens is vinnig besig om geweldig lui te word. Die lewe word vir hom gans te maklik gemaak, en hy word gewoond daaraan. In plaas daarvan dat hy die geriewe wat aan hom gebied word deur die moderne tegnologie as sy **voorregte** beskou, is hy vinnig besig om gerief en gemak as sy geboorte**reg** te beskou. Die effek van hierdie houding is oral voelbaar. En as u voel dat hierdie woorde vir die „ander mense" in die wêreld geskryf is, toets uself gerus maar — u sal vind dat u net so 'n kind van u tyd is as die breë massa. Indien bv. 'n groot stuk leerwerk aan u voorgesit word, is u nie ook maar geneig om (kom, wees nou eerlik!) te dink dat daar darem seker nie **bedoel** word dat u **soveel** moet doen nie?

En hoe lank neem dit u om aan so 'n stuk werk te kom?

In die ou dae het die mense afstande gemeet in die vorm van **dagreise** te voet. Wie gebruik nog vandag die liggaam vir die tipe van vervoer waarvoor dit gebou en aangepas is, nl. om die een voet voor die ander te plaas en deur middel van die primitiewe (?) loopproses oor die weg te kom?

En hoeveel van ons skyn nie die beginsel te handhaaf dat die brein miskien te **vol** kan raak van allerlei feite en beperk daarom sy aktiwiteit soveel moontlik nie?

Feit is dat die liggaam en brein van die mens gebruik wil wees — en hoe meer hulle gebruik word, hoe doeltreffender sal hulle hul funksies verrig.

* * *

Die man wat geen fout begaan nie, rig gewoonlik niks uit nie — Phelps.

* * *

Dis nie wat die mense van jou sien nie, maar wat hulle van jou uitvind nádat hulle jou gesien het, wat tel.—N.

— Jan Rap.

# Geslaagde reën belemmer ongeslaagde piekniek.

„VERLEDE Saterdagoggend voor hankeraai het 'n klompie Pukke uit die bed gevlieg om tweedejaarspiekniek te gaan hou. Dit was 'n heerlike sonnige dag, daar was nie 'n wolkie in die lug en geen teken van reën nie. Die hele dag is in heerlike somerweer deurgebring. Orals het braaivleisvure gebrand en het vrolike groepies rondgespeel . . . . ". So het menigeen gewens om aan die einde van die tweedejaarspiekniek te kon verslag doen.

Maar op eg tradisionele wyse was dit 'n nat piekniek. Om die waarheid te sê, was die hele piekniek maar 'n druipstert affêre. Dit wil nou nie sê dat al wat student is dit nie geniet het nie, want geeneen sou 'n ware student gewees het as hy nie die beste van 'n slegte saak kon maak nie. En vir die oningeligtes: dit was voorwaar 'n slegte saak, veral wat die derde bus wat hiervandaan vertrek het, betref. Die busbestuurder het blykbaar so gereken: aangesien die dag klaar sleg begin het weens die reën, waarom nie op dieselfde aambeeldjie bly slaan nie? Die bus het dan ook skaars sy neus verby die grense van die dorp gehad of hy het 'n verkeerde koers ingeslaan. Min het die bus geweet hoe hy die studente nog sou trakteer. Die verkeerde pad is gery, dit het aangehou reën en om alles te kroon het die bus in sy vier spore in die modder bly staan. Nou ja,, watter student, veral met iets aan sy of haar sy sal só-iets nou nie in 'n warm, gesellige bus geniet nie.

Tog is dit jammer dat 'n piekniek wat bedoel is vir blou lug, warm somerweer en brandende braaivleisvure in eendeweer onder wankelmoedige seile moes gehou word.

J. Kruger.

# Snooker, Bier en Spykerbankies.

## WAT BIED 1958?

Op die eerste massavergadering van hierdie jaar kon dit die tema gewees het. Jaarprogramme was aan die orde en die massa het „heerlik" geluister. Ons hartlike dank aan die geagte voorsitter van die Studenteraad vir die wyse waarop hy iets wat baie lywig kon wees, kort en interessant weergegee het. Die banke was baie hard en onsimpatiek.

Pragtig pryk die naam van ons nuwe administrasiegebou nou bokant die hoofingang. Die studente het daarvan kennis geneem en dit aan die Studenteraad opgedra om dienooreenkomstig aan die owerhede te skryf, indien dit wenslik is.

In die jaarprogram is die moontlikheid van die oprigting van 'n ontspanningsaal genoem. 'n Kommissie is tans besig om die saak te ondersoek. 'n Ontspanningsaal . . . ? dit was water op die studente se meule. Mnr. Johan van der Vyver was eerste om wenke aan die hand te doen. Op sy voorstel, en met goedkeuring van die massa, is aan die Studenteraad opgedra om in te gaan op die moontlikheid en wenslikheid om bier in die kafeteria te bedien en om snookertafels in die beplande ontspanningsaal aan te bring. Wat gaan die uitslag op die volgende Massavergadering wees? Daars HEIL in BIER? !

Maar dit is nie al nie! Nuwe spykerbankies gaan op strategiese plekke aangebring word. Baie dankie, maar wat van sentrale verwarming by die nuwe bankies, die winter kom? O . . . askies tog!

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

**DIE BULT APTEEK**
**TOMSTRAAT 86.**
**TELEFOON 3091.**
Nou geopen en tot u diens!
ONS LEUSE IS:
**„DIENS aan die gemeenskap"**
**Ondersteun Oud-Pukke!**

**Aandag! Aandag!**
Kom na
**PROTEA HAARKAPPERS**
vir u volgende haarsny . . . .
en BESPAAR!
**Haarsny Mans: 2/6**
van Maandag tot Vrydag
Saterdae 3/-.
**Kerkstraat 75**

# VARIA

Thaba . . . BOOSigo,
Potchefstroom.
17 Maart 1958.

Liewe tant Bybie,

Hoe gaan dit nog met ant Bybie, met my gaan dit ellendig sleg. Hoekom het tant Bybie my nooit vertel dat mansmense . . . ag, ek bedoel ek verstaan nou hoekom 'ant Bybie nog nooit op trou gestaan het nie.

Ik wens oom Jakop kom haal my seg vir hom hy moet kom ant Bybie, want ons kry verskriklike kos hier: dis mistery balls, spykerbalsem, kanonghries en vlieëbegrafnisse, maar hulle sit darem bottels „disinfectant" ook op die tafel om oor die kos te gooi . . . . hulle noem dit Worcestersous.

Ag ant Bybie, 'n mansmens is sommer 'n makgemaakte birbaar. Hulle roep my anderdag foun toe want 'n man wil met my praat. Ik seg toe hallo en hy seg wil ek nie met hom saamgaan na die dinee nie en ek seg ik moet eers vir oom Jakop vra anders sil hy ontevrede wees. Toe seg hy dis reg hy't klaar vir oom Jakop gefoun ek kan maar kom en ek seg ja goed, ek sal saamgaan.

Om die waarheid te sê ant Bybie hy was 'n mooi jongekie met skouers so regop soos 'n kasteroliebottel, en 'n snor wat kielie soos . . . ag, hoe skaam ek my nou, ek bedoel sommer dit lyk soos 'n pol tamboekiegras ant Bybie. Hy seg toe vir my hy gebruik hoenerien daarvoor (seg tog vir oom Jakop ook) en ik seg dit sal mooi groen uitkom in Oktobermaand as hy hom nou afbrant, en hy vra dip julle dan julle mielies en ek vra nee dip jy jou snor en toe staan ons voor die saal se deur.

Nou ja, ons het baie geëet en toe gaan stap ons en hy seg vir my die akademiese jaar begint Novimmermaand eers so ek kon maar gebly het om ant Bybie eers te help vark slag. En hy seg buitendien moet ek kom, dis nou oor die foun, want dit val in die sos- en sieliesleerplanne, maar ek het toe maar nie gevra wat beteken dit nie, want hy sal wel weet, hy is al baie lank hierso.

Ons stap toe noord van die Stidentesaal en by die visdam val hy op sy een knieg en seg jy sal my die gelukkigste man op aarde maak as jy my môre in hierdie visdam laat beland. Ek dog toe as ek so lank wag kry ek gin slaap nie en wat sal die mense sê as ons so lank by die visdam sit en ek stamp hom sommer dadelik in maar nou weet ek ok nie so reg nie want hy het glad niks bly gelyk nie . . . miskien was hy kwaad oor sy pyp doodgegaan het.

Toe is hy baiing nat en baiing kwaad en seg kom ons loop — ek seg toe hoekom is jy kwaad is jou pyp se twak nat en hy sê nee joune is. Swat jy onkunde as hoofvak op hierdie plek. Ek seg nee ek loop diëetkunde en hy seg vir my toe as 'n man weer so iets sê dan wil hy hê ek moet met hom kys.

Ek seg toe o ek is jammer ek sal hom kys maar ek hou nie van 'n lang vryery nie as ons Juliemaand trou is dit goed maar dan sal my Ant Bybie by ons kom bly en hy moet eers oom Jakop se konsinte gaan vra hy kan sommer weer foun soos gister. Hy was te oorstelp om te antwoord en skoon oorstuur want daar was 'n klip in die pad en ek seg pasop daar is 'n klip in die pad maar toe ek by „klip" trek hak sy voet al vas en hy praat baie lelik, ek sal liewers nie skryf wat hy gesê het nie.

Ik help hom toe afstof en om sy aandag af te lei fra ek wat loop hy op die Puk en seg: Bodemkunde, suster, vanaand tenminste, anders is hy Tokkelok in die Boskerk en wil ek nie more-aand saam met hom Boskerk-toe sleep nie.

I seg toe ja want ek was nog net in die Dopperkerk ek sal graag die boskerk wil sien watter dominee preek môre-aand toe praat hy verskriklike woorde. Dit was twee weke gelede hy het nog nie weer opgedaag nie maar hy het sekerlik baie werk dog toe ek hoor hy is tweede in die goldrush toe is ek bly ek het hom in die fisdam gestamp ant Bybie stuur asseblief vir my 'n sakdoek ek het myne verloor.

Sê baie groetnis vir oom Jakop en seg ik gaan niet meer Juliemaand trou en tien teen een het hy nooit die founkôl gekry vrydag nie.

Uwe verdrietage susterskind,

SPRINGMILIA.

———□———

N.S. Ant Bybie stuur seblief vir my 'n hoepel nee ek wil nie die mense seermaak nie ek wil net die mans op 'n afstand hou. Die kos is nie so sleg soos die name klink nie seg vir oom Jakop hy hoef my nie meer te kom haal nie ant Bybie ek het 'n skiet gekry vir Boskerk ek sal miskien later weer skryf. xx

**WESTVAAL**

**Studente!**
VI RKWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

**A. T. LUKE EN KIE - - - - - Aptekers**
Vir al u MEDIESE BENODIGDHEDE en SKOONHEIDSPREPARATE.

Agente vir: INNOXA en MARLENE Skoonheidsmiddels
GRAMMOFOONPLATE en
MUSIEKINSTRUMENTE.
**KERKSTRAAT 135 - - - - - - POTCHEFSTROOM**

**CENTRAL NEWS AGENCY LTD.**

CNA

Ons voorsien in alle UNIVERSITEITSBOEKE, SKRYFBEHOEFTES, PLAASLIKE en OORSESE TYDSKRIFTE en KOERANTE.
**Kerkstraat 139 - - - - - - - - - - Telefoon 114**
**POTCHEFSTROOM**

**MALAN MEUBILEERDERS**
KERKSTRAAT 112.
Telefoon 112
POTCHEFSTROOM

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

**POTCHEFSTROOM DRANKWINKEL**
GROOT- EN KLEINHANDELAARS IN DRANK.
(Direkteur/Director: D. N. Smith)
WHOLESALE AND RETAIL SPIRIT MERCHANTS

**POTCHEFSTROOM BOTTLE STORE**
**Foon/Phone 214 - - - - - - - Posbus/P.O. Box 6**
**KERKSTRAAT 185**

# Atletiek Vooruitsigte.

MET 'n geslaagde Interkoshuis en die Vyfhoekige byeenkoms agter die rug is dit nog geensins gedaan met atletiek nie. Inteendeel, dit was egter nog net die begin van groot dinge. Met die oplewing in ons klub kan ons later in die seisoen nog goeie prestasies verwag.

**W.-TVL.-KAMPIOENSKAPPE:**

Saterdag, 22 Maart, vind die W.-Tvl.-kampioenskappe op die Park plaas. Puk het vanjaar beter ingeskryf as verlede jaar, alhoewel dit nog veel te wense oorlaat. Hierdie byeenkoms moet vir ons net dien as 'n strawwe proef vir die ander dinge wat nog gaan volg. Met hierdie byeenkoms word gepoog om die eie plaaslike senior talent se standaard te verhoog.

**NOORDELIKE UNIVERSITEITEBYEENKOMS:**

Hierdie byeenkoms vind vanjaar op Bloemfontein plaas en wel op 12 April. Vir ons Pukke val dit in die vakansie, maar ons sal maar moet opoffer. Dit is veral belangrik aangesien die gekose span wat daar gaan deelneem ook die Dalrymplespan sal uitmaak.

**DALRYMPLE.**

Die Dalrymple vind vanjaar op 25 en 26 April te Stellenbosch plaas en nie soos vroeër op 19 April nie. Vir die Atletiekklub is dit die grootste en belangrikste byeenkoms van elke jaar. Dit is 'n byeenkoms tussen al die Suid-Afrikaanse Universiteite. Die naam Dalrymple kom van die skenker van die wisseltrofee wat op die spel is. Ons sal hopelik volgende jaar die eer hê om hierdie byeenkoms hier op Potchefstroom te reël.

Met hierdie byeenkoms loop ons atletiekseisoen ten einde, alhoewel W.-Tvl. vanjaar gaan trag om minstens in die 2e kwartaal nog 'n landloop te laat plaasvind. Hiervoor sal ons ook nog moet probeer om 'n span bymekaar te kry. 'n Tweede landloop in die 3e kwartaal word ook in vooruitsig gestl. Hoe lyk dit met die manne van lang-asem-faam?

**BEDANKING.**

Langs hierdie weg wil die Atletiekbestuur ook sy dank uitspreek vir die goeie ondersteuning en aangename gees by die Interkoshuis. Mag die Prof. J. Chris Coetzee Wisselbeker ons aanspoor tot groot dinge. (Of hoe Heimatters?). Ons bedank ons geagte Rektor nogmaals vir die skenking van daardie pragtige wisselbeker.

Ons dank u ook vir u ondersteuning by die Vyfhoekige byeenkoms. Ons wil ons toutrekspan nogmaals gelukwens met hul oorwinning. Reguit bene, reguit rug, styflê kêrels!

D. J. Taljaard.

## BETER SWEMTALENT VANJAAR

Nadat die Swemklub die afgelope paar jaar of wat minder suksesvol was, het dit vanjaar 'n oplewing getoon, veral met 'n paar eerstejaardames en -mans in die swemspan. Die gebrek aan belangstelling is teleurstellend, dog die bestuur hoop om vanjaar groter sukses te behaal deur meer swemgalas te reël.

★

**INTER-UNIVERSITÊRE SWEMTOERNOOI TE BLOEMFONTEIN**

Bogenoemde toernooi is gedurende Desember verlede jaar gehou. Die mansspan wat slegs aan die Waterpolo deelgeneem het, het sonder sukses uit die stryd getree. Indien daar meer spanoefening was, kon die span dalk meer suksesvol gewees het. Die damesspan moes hulle ongelukkig aan die toernooi onttrek.

★

**Vs. BOYS HIGH**

Voor 'n redelike aantal toeskouers het die jeugdige Boys High-swemspan die Pukke verlede Woensdagmiddag in ons swembad die hakskene gewys. By die geleentheid het die ou-dames en die eerstejaars ook teen mekaar geswem. Daar is heelwat talent bespeur.

Die hoofoorsaak van die neerlae is duidelik: te min en ongereëlde oefening. Mag die volgende seisoen, beginnende September, meer suksesvol wees.

F. du Plooy.

## 'N ERNSTIGE BEROEP

**Ons wil langs hierdie weg 'n baie ernstige beroep doen op Rugbyspelers en alle potensiële Rugbyspelers om vanjaar in groot getalle hul gewig by die Rugbyklub in te gooi. U moet, geagte here, die tradisie van hierdie nasionale spel aan ons Universiteit handhaaf, en dit kan nie gebeur sonder u aktiewe belangstelling nie.**

**Eweseer word alle sportmanne en -vroue opgewek tot aktiewe diens ten opsigte van hierdie afdeling van ons studentelewe. Die sukses van Intervarsity en van alle Liga- en vriendskaplike wedstryde hang net af van u houding in hierdie verband.**

**Kom, Pukke; maak 'n groot sukses van ons sportbedrywighede vanjaar!**

**Dankie,**

**D. POSTMA.**

## KORFBAL:

## Dore vs. Ou-dames

In die tradisionele korfbalwedstryd tussen die dore en die oudames, het die oudames daarin geslaag om die pyp te rook!

In 'n opwindende wedstryd waarin albei spanne maar bra baie uit oefening was, het die oudames die louere ingeoes met 41 teen 13 doele. Uitblinkers onder die dore was veral Marie Krüger en Elize Breytenbach. Die oudames het natuurlik almal uitgeblink, maar veral Corrie Scheepers en Ria Snyman het spel van baie hoë gehalte gelewer.

Alhoewel die Korfbalklub aansienlik in getalle verminder het, hoop ons om vanjaar 'n baie goeie gees onder die korfballede te wek.

Ria Krüger

## Tafeltennisklub Spring Goed Weg

Die P.U. Tafeltennisklub het reeds sy vere reggeskud en sommer vroegvroeg op stryk gekom. Dinsdagaand die 11de Maart het die klub sy eerste wedstryd teen Klerksdorp Koöperasie gespeel.

Alhoewel 'n tekort aan oefening duidelik by die Pukke te bespeur was, kon aldrie spanne met die eer uit die stryd tree. Die eerstespan het met 7 stelle teen 5 gewen. G. Bester het met sy kenmerkende onverwagte hotklouhoue sy teenstander lelik laat bontstaan, terwyl R. de Ville veral teen Ko-operasie se nr. I speler met uithaler aanvallende spel voor die dag gekom het.

Dit was verblydend om die hoë gehalte tafeltennis van die 2e span wat uit drie nuwe spelers bestaan het, waar te neem. Hulle het dan ook met 9 stelle teen 3 gewen. Veral Wissing se bestendige spel het hier die oog gevang.

Die 1e damespan het skoonskip in hulle afdeling gemaak en met 11 stelle teen 1 gewen. Met hierdie uithaler span saam met die nuwe talent behoort die standaard van die dames se spel vanjaar aansienlik te verbeter.

★

**VIERHOEKIGE BYEENKOMS**

Die Tafeltennisklub het vanjaar 'n groot aantal nuwe lede bygekry en belowe dit 'n besige en gesellige jaar vir hierdie klub te word.

'n Belangrike byeenkoms vind D.V. op 29 Maart te Potchefstroom plaas wanneer spanne van Wits, U.P., U.O.V.S. en P.U. in 'n vierhoekige byeenkoms teen mekaar te staan sal kom. Hierdie byeenkoms sal 'n goeie maatstaf wees vir die Pukke se kanse in die komende S.A.-Interuniversitêre toernooi.

Behalwe wedstryde is die klub van plan om op gereeld tye gesellige tafeltennisaande te hou wanneer alle lede van die klub teen mekaar kan speel en oefen. Persone wat nog graag wil aansluit is hartlik welkom.

J. v. d. WALT.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!**